

 **Geopende *Deure***

ONS ONTHOU 'GOD SE SMOKKELAAR'



BROER ANDREW VAN DER BIJL

11.05.1928 – 27.09.2022

ONS ONTHOU BROER ANDREW

Broer Andrew was 'n klein seuntjie toe hy die eerste keer die skeppingsverhaal gehoor het. Maar dit was eers toe hy in 'n hospitaalbed gelê het, nadat hy as 'n soldaat beseer is, dat die storie nie so vergesog geklink het nie. En dit was tóé dat hy gewonder het of alles waaroor die Bybel praat die waarheid is.

Hierdie uittreksel van Broer Andrew se biografie, *God se Smokkelaar*, lê daardie oomblik van waarheid vas:

[Daar het] iets kleins gebeur wat meer drastiese veranderinge in my lewe teweeggebring het as die koeël wat 'n jaar tevore been en spier verbrysel het. Dit was 'n stormagtige nag in 1950 in die middel van die winter. Ek was in die bed. Die ysreën het oor die polders gewaai soos dit net in Holland in die middel van Januarie kan waai... Daar was baie stemme in daardie wind.

Wat was dit waaraan ek vasgehou het? Wat was dit wat aan my vasgeklou het? Wat het tussen my en my vryheid gestaan?

Die ander mense in die huis was vas aan die slaap. Met my hande onder my kop het ek op my rug na die donker plafon gelê en kyk toe ek plotseling, baie stilletjies, my ego laat vaar het. Terwyl 'n nuwe noot in die loeiende wind my toegeskreeu het om nie 'n dwaas te wees nie, het ek my aan God oorgegee – romp, stomp en avontuur.

Dit was waarlik net die begin van Broer Andrew se avonture...



Vyf jaar nadat hierdie jong, Hollandse sendeling sy lewe aan Christus gewy het, het Broer Andrew in 1955 saam met 'n Hollandse afvaardiging na 'n jeugfees in Warskou, Pole, gegaan. Daar het hy 'n oorblyfsel van die Liggaam van Christus agter die Ystergordyn gevind wat Bybels desperaat benodig het. Broer Andrew het 'n tas vol Christelike literatuur versprei... en dit was die nederige begin van Geopende Deure.

Broer Andrew se storie, soos vertel in *God se Smokkelaar*, 'n internasionale topverkoper, gee besonderhede oor gevaarlike grenskruisings, KGB-agtervolgings, en sy brawe reise om radikaal en ten volle vir Jesus te leef.

In 1993 is Broer Andrew tot ridder geslaan deur Koningin Beatrix van Nederland. In 1997 het hy die *World Evangelical Fellowship Religious Liberty Award* ontvang wat herkenning gegee het aan sy lewenslange diens aan die vervolgte Kerk en passie om die Evangelie te verkondig. Broer Andrew sê egter dat hy die trotste is op die feit dat hy in 1980 'n "bloedbroer" van die Apache-stam genoem is. As deel van die seremonie is hy 'n Apache-naam gegee wat beteken, "hy wat deur grense breek".

Nog 'n eer waarop Broer Andrew trots was, het gekom na die val van die Ystergordyn en hy kopieë van die KGB-verslae kon verkry, soveel as 150-bladsye wat inligting bevat het rakende sy werk in die Sowjetunie en Oos-Europa. Hy was verras om te weet hoe baie hulle van hom gewet het en tog nie sy werk kon stopsit nie.

Broer Andrew se werk deur Geopende Deure het die hoop van die Evangelie na plekke geneem waar meeste Christene onwillig is om te gaan. Sy ondergrondse netwerke van inheemse Christene in hierdie hoë-risiko gebiede het gehelp met die geheime verspreiding van miljoene Bybels elke jaar. En vandag, te danke aan vriende soos jy, lei Geopende Deure duisende Christenpastore en -lekeleiers


op deur kweekskole en seminare rakende vervolging; en bied ekonomiese noodleniging, geletterdheidsopleiding en beroepsopleiding in die mees gevaarlike lande in die wêreld.

Sy vriendskappe en die liefde van God het Broer Andrew in private ontmoeting gebring met talle fundamentalistiese leiers van ander godsdienste. Hy is onder die min Westerse leiers wat gereeld na hierdie groepe gegaan het as ambassadeur vir Christus. Hy het ook deur Christelike godsdienstgrense gebreek deur in Katolieke en Kopties Ortodokse Kerke te preek.

Broer Andrew was vir 59 jaar getroud aan sy vrou Corry, wat op 22 Januarie 2018 oorlede is. Hulle het hul hele lewe lank in Holland gewoon en word oorleef deur hulle vyf kinders en 11 kleinkinders. En, deur op brawe maniere deure oop te maak vir God se Woord, met behulp van vriende soos jy, is hul geestelike kinders hier en in die hemel ontelbaar!



Lees oor die avonture en wonderwerke. Kry jou kopie van God se Smokkelaar vandag by www.opendoors.org.za. Nuwe, hersiene uitgawe!



HULDEBLYKE VAN OM DIE WÊRELD

“Die grootste impak wat Broer Andrew op my lewe gehad het was sy ongelooflike liefde en toewyding aan die Woord van God. Gedurende my baie jare op reis saam met hom was ek altyd aangespoor deur hoe Andrew ‘n man van een Boek’ was, die Bybel. Hy het nie net ‘n paar verse gelees nie; hy het baie hoofstukke elke dag gelees... Wanneer ek aan Broer Andrew dink word ek aan twee ander dinge herinner. Eerstens, hy was ‘n baanbreker, altyd op soek na nuwe en unieke geleenthede. Tweedens, hy was ‘n profeet. Baie kere het hy gedagtes en idees gehad wat ons nie kon sien totdat ons jare later ontdek het dat hy ons in sekere dinge ver vooruitgeloop het. Broer Andrew het altyd daarvan gehou om unieke, dikwels onmoontlike, dinge te doen. Indien ‘n projek moontlik was, was hy nie geïnteresseerd nie. ‘Almal kan dit doen,’ het hy dikwels gesê.”

Johan Companjen, Stigter-President, Geopende Deure Internasionaal

“Ons glo dat Broer Andrew, Projek Pêrel aangepak het omdat hy aangeraak was deur die liefde van God. God het ‘n wonderwerk deur hom gedoen toe een miljoen Bybels na China gesmokkel is. Maar ons weet dat daar geen eenman-sake in God se familie is nie. Dié groot onderneming kon nie deur Broer Andrew alleen uitgevoer word nie. Daar moet baie, baie Broer Andrews wees – grotes en kleineres – wat in eenheid die las opneem. Hier bedank ons al die ‘groot’ Andrews en die ‘klein’ Andrews. Mag die Here onthou wat julle gedoen het.”

‘n Huiskerkpastoor in China wat nou betrokke was by Projek Pêrel

Broer Andrew was een van my “geloofshelde”. Vir my was hy ‘n hedendaagse apostel. Hy het ‘n roeping van God gehad en deur hom het die Here merkwaardige dinge laat gebeur. Hy het gegaan waar God hom gelei het en omdat hy gehoorsaam was, is die vervolgte Kerk beter daaraan toe. Hy het werklik waar “gedoen wat hy nie kon nie”. Mag die vrede van God sy geliefdes vertroos en mag Geopende Deure Internasionaal van krag tot krag groei waar hulle die mees vervolgdes bystaan as gevolg van die fondasie wat Broer Andrew gelê het.

Jan Gouws, Voormalige Uitvoerende Direkteur, Geopende Deure Suider-Afrika

“Die beste manier waarop ek Broer Andrew kan karakteriseer is met die titel van sy gunsteling boek naas die Bybel, die dagstukkies van Oswald Chambers genaamd *My Allerbeste vir Sy Hoogste*. Dit is die beste opsomming van wie Broer Andrew was en hoekom hy gedoen het wat hy het. Hy het my altyd vertel dat sy grafskrif moet lees, ‘Hy het gedoen wat hy nie kon nie.’ En tog het hy dit gedoen omdat hy daarna verlang het om sy allerbeste vir God, Sy Hoogste te gee.”

Ron van der Spoel, Pastoor, Nederland



‘n VRYMOEDIGE BEWYS VAN CHRISTUS SE LIEFDE

In die 1980's het Hizbollah, 'n militante en politiese Islamitiese groep in Egipte, 'n familielid van iemand wie Broer Andrew geken het ontvoer en gevange gehou. Die gyselaar was vir drie jaar aan 'n verwarmer vasgeketting.

Terwyl hy die vrylating van dié gyselaar en ander probeer bewerkstellig het, het Broer Andrew gereël om Hizbollah se sjeik en verteenwoordiger, Fadlallah te ontmoet. Alhoewel Fadlallah nie die outoriteit gehad het om die gyselaars vry te laat nie, kon hy 'n boodskap aan Hizbollah se leiers bring.

So, in sy voorspraak vir die vasgekettingde gyselaar se vrylating het Broer Andrew gesê, *"Ek is heeltemal gereed om hier te bly in die plek van hierdie man. Hy het genoeg gely..."* Verras, het die sjeik gepraat, *"Hoe kan jy dit sê?"*

Broer Andrew het geantwoord, *"Dit is die Gees van Jesus."* Hy het opgestaan en sy arms uitgesprei om dit te demonstreer. *"Hy het op die kruis gesterf om ons vry te laat. Hy het gesterf sodat ons kon leef. Nou is ek gereed om myself te gee sodat my vriend vrygelaat kan word. Dit is waaroor Christenskap gaan."*

Fadlallah het nog nooit van dié tipe Christenskap gehoor nie. Alhoewel daar nie in Broer Andrew se versoek voldoen is nie, het hulle vir jare lank in kontak gebly totdat Fadlallah in 2010 oorlede is. (Broer Andrew se onselfsugtige versoek het 'n kragtige impak gehad op almal wat daarvan gehoor het, en die gyselaars aangemoedig sodat hulle Christus se liefde met vrymoedigheid uitgeleef het te midde van gevaar.)



Broer Andrew besoek Ayatollah Fadlallah in Beirut

ONVERGEETLIKE OOMBLIKKE IN SY LEWE EN BEDIENING

‘N DAPPER BEGIN

1955

Broer Andrew smokkel Bybels na Oos-Europa vir die eerste keer. Die bediening van Geopende Deure begin.

KEWER-RIT

1957

Broer Andrew onderneem die eerste van baie reise na die Sowjetunie in sy blou Volkswagen-kewer, wat uiteindelik meer as 321 900 kilometers sou aflê.

GOD SE SMOKKELAAR WORD GEPUBLISEER

1967

Broer Andrew se biografie, *God se Smokkelaar*, word een van die grootste topverkopers onder Christenboeke van alle tye.

PROJEK PÊREL

1981

Projek Pêrel lewer een miljoen Bybels af op 'n strand in China in slegs een nag. Duisende gelowiges het bymekaargekom om die Bybels te ontvang.

BROER ANDREW BOU BRÛE

1996

Broer Andrew gee aan Jasser Arafat 'n Kinderbybel vir sy dogter. Sedert die begin van hul vriendskap in die 1980's het Arafat baie kopieë van *God se Smokkelaar* ontvang om onder sy offisiere te versprei.

FINALE REIS

2018

Broer Andrew vier sy 90ste verjaarsdag en onderneem 'n private reis na 'n land in Suid-Asië om baie van sy ou en nuwe vriende te besoek.



ONVERGEETLIKE AANHALINGS

“As jou visie jou nie bang maak nie, dan is beide jou visie en jou God te klein.”


“Moet nooit vergeet dat ons hier is vir die Boek nie. As ons hier is vir die Boek en die Een wat ons die Boek gegee het, dan moet ons Hom gehoorsaam. Wees Jesus in jou fatsoen.”

“Die Woord van God verander mense, en veranderde mense verander die omstandighede rondom hulle.”

“Ons moet 'n lewe leef wat meer radikaal is as dié van die radikales.”

“God het gesê om te gaan! Hy het nie beloof dat jy sal terugkom nie.”

“Ons is Christus se ambassadeurs. Moslems kan nie my Redder leer liefhê indien hulle my nie eerste kan liefhê nie. Jy mag dalk die enigste Jesus wees wat enige van hulle ooit sien.”



BROER ANDREW SE MENSEREGTE

1

Almal in die wêreld het die reg om te weet wie Jesus is.

2

Almal wat ly vir hul geloof in Christus het die reg om ondersteuning te ontvang van daardie deel van die Liggam van Christus wat geseënd is met vryheid, kennis en hulpbronne.

3

Christene het die reg om te weet dat God voldoen in die behoeftes van dié wat ly vir Sy naam.

BROER ANDREW HET ONS GELEER

Om nie vir h uitnodiging te wag nie, maar te gaan...

"Jesus se opdrag is ons enigste aanval-strategie. En om aan te val beteken nie om te wag vir h uitnodiging nie, maar om te gaan! Jesus is my vriend, en dit beteken dat die Moslem is my vriend, al tree hy in die begin op soos my vyand. Ek sien gedurig hoe die verhouding verander wanneer ek my kosbaarste besitting met h Moslem deel."

Rakend gebed...

"Ons moet so baie leer oor die onderwerp van gebed, maar nie vir die rede om die wêreld te wys hoeveel ure h dag ek bid, wat h godsalige ou ek is omdat ek bid nie, en ek is in al daardie organisasies vir gebed en intreding, en tree in die bres, ens. Maar eerder altyd met die doel om h verlore wêreld te bereik met die boodskap van Jesus."

Die verskil tussen om te leef en te sterf...

Kan so eenvoudig wees as dat "Iemand jou betyds vind." Betyds om die Evangelie met jou te deel.

God het jou en my gekies om sy medewerkers te wees...

"Dit is h raaisel dat God ons kies om Sy medewerkers te wees! Hoekom kies die Here van die heelal om swak mense soos my en jou toe te vertrou met die uitvoer van Sy wil. Ons sal dit nooit kan begryp nie – maar ons moet die glo! God wil ons gebruik om Sy wil te laat geskied. Wat h voorreg en verantwoordelikheid! Laat ons dus kniel en bid. En mag God ons gebede gebruik om die trant van die geskiedenis in hierdie nasies te verander. Vir die onthalwe van Sy mense – en vir Sy glorie!"

Om uit te reik na ons vervolgers...

"Hulle is nie ons vyand nie; hulle is ons sendingveld." Het hy dikwels in verband met dit gesê, "Ons is nie teen enige groep of ideologie nie, maar ons is eerder vir Jesus en vir Sy Bruid, die Kerk."

"HY het gedoen wat hy nie kon nie."



© Renske Meinema Photography | www.renskemeinema.com

DIE GOD SE SMOKKELAAR-FONDS

Broer Andrew se lewe en bediening het miljoene geïnspireer en uitgedaag. Jou ondersteuning sal sy nalatenskap laat voortduur en uitbou.

Jy kan h geskenk gee aan die **God se Smokkelaar-fonds** wat Geopende Deure se mees strategiese werk sal help voortsit om die vervolgte Kerk te versterk en te bemoedig.

Skandeer hier:



Vanuit die hart



Beste vennote en vriende

Broer Andrew, die naam waaronder Anne van der Bijl geliefd en bekend is, het 'n groot invloed gehad op die geslagte waarvan hy deel was. Sy gehoorsaamheid, moed en deursettingsvermoë het die realiteit van die vervolging van Christene onder die publiek se aandag gebring.

Broer Andrew het van een grens na die volgende beweeg om vervolgte Christene te vind en te ondersteun – van sy besoek aan die kommunistiese regime in Oos-Europa in 1955 tot sy eerste reis na China in die 1970's, wat gelei het tot Projek Pêrel waartydens een miljoen Bybels in een nag afgelewer is op 'n strand gevul met afgwagende gelowiges. Hy het ook die Islamitiese regimes in die Midde-Ooste en Noord-Afrika besoek, waar daar geen vryheid van godsdiens en geloof is nie. Die boek *God se Smokkelaar*, wat meer vertel oor sy lewe en bediening, hou aan om lesers te inspireer om as 'n stem vir die vervolgte Kerk op te tree.

Ons is dankbaar vir Broer Andrew se geloof, gehoorsaamheid en voorbeeld. Hy laat 'n groeiende nalatenskap in die wêreldwye

bediening van Geopende Deure agter, wat miljoene van die meeste vervolgte Christene in meer as 70 lande bereik. Met meer as 360 miljoen Christene wat vandag hoë vlakke van vervolging en diskriminasie ervaar, is daar nog soveel meer om te doen. So ons hou aan met die reis waarmee hy begin het, en werk aan die gedeelde visie om Christene oral te betrek daarby om die mees vervolgdes te versterk sodat die wêreldwye Kerk God se getroue getuïenis aan die wêreld bly.

Vandag hou 'n netwerk van gelowiges aan om getrou die roeping te antwoord om vir ons vervolgte geloofsfamilie te bid, saam met hulle te wees en hulle te ondersteun, sodat hulle ondanks vervolging kan aanhou om die Koninkryk van God in hul gemeenskappe en nasies te verteenwoordig. Mag ons op ons geloofspad bemoedig en geïnspireer word deur die geloof van dié wat ons vooruitgegaan het, soos Broer Andrew.

Vrede

Lynette Leibach

Uitvoerende Direkteur

Geopende Deure Suider-Afrika



 **Geopende Deure**

I www.opendoors.org.za

T +27 11 888 9341 | F +27 11 888 9362

E southafrica@od.org  064 867 4730

Posbus 1771, Cresta, 2118



Vervolg  **Maar nooit alleen.**

Bankbesonderhede: Suid-Afrika,

Geopende Deure - Open Doors NPC, Mercantile Lopende Rekening, Tak: 450105, Rekeningnr. 1051 1501 32

Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552

Bankbesonderhede: **Namibië, Geopende Deure - Open Doors NPC, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**

(Faks asseblief die bewys van betaling na: +27 11 888 9362)

Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.

Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandrè by [milandre@od.org](mailto:milandreh@od.org)

REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho